# Universiteit van Pretoria Jaarboek 2018

# BA Spraak-Taalpatalogie (01130104)

| | |
|---|---|
| **Minimum duur van studie** | 4 jaar |
| **Totale krediete** | 480 |
| **Kontak** | Prof J van der Linde jeannie.vanderlinde@up.ac.za +27 (0)124202948 |

## Programinligting

Die doel van hierdie vier-jarige graadpakket is om gekwalifiseerde studente met diepte kennis toe te rus oor spraak- en taalontwikkeling en verwante prosesse binne die konteks van menslike kommunikasie, die oorsake en simptomatologie van spraak, taal en slukprobleme en die wetenskaplike basis van intervensie met ‘n persoon met ‘n spraak-, taal- of slukprobleem, of diegene wat ‘n risiko het om so ‘n patologie te ontwikkel, dikwels as gevolg van die hoë las van siekte in Suid-Afrika. Hierdie intervensie kan geskied in ‘n een-tot-een situasie, in groepsterapie, deur middel van ‘n multidissiplinêre spanbenadering, en deur gemeenskapsgebaseerde intervensie. Die kwalifikasie sluit in toegepaste bevoegdheid soos praktiese vaardighede om spraak-, taal- en slukprobleme van diegene wat benadeel word deur gestremdheid of diegene wat ‘n risiko het om so ‘n afwyking te ontwikkel, te verbeter of te bevorder. Die kwalifikasie voldoen verder aan internasionale akademiese vereistes.

Sluitingsdatum vir aansoeke: 30 Junie jaarliks

## Toelatingsvereistes

- Die volgende persone sal vir toelating oorweeg word: ‘n kandidaat wat oor ‘n sertifikaat beskik wat deur die Universiteit as gelykstaande aan die vereiste Graad 12-sertifikaat met toelating vir graaddoeleindes aanvaar word; ‘n kandidaat wat ‘n gegradueerde van ‘n ander tersiêre instelling is of die status van ‘n gegradueerde van so ‘n instelling geniet; en ‘n kandidaat wat ‘n gegradueerde van ‘n ander fakulteit van die Universiteit van Pretoria is.
- Om toelating te behou, sal daar van leerders verwag word om 'n TPT van ten minste 32 in Graad 12 te behaal.
- LET WEL: Slegs studente wat hierdie program as eerste keuse op hul aansoekvorm aandui, sal vir toelating oorweeg word.
- Die NBT is nie op hierdie program van toepassing nie.
- Lewensoriëntering word uitgesluit wanneer die TPT bereken word.

| **Minimum vereistes** | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **Prestasievlak** | | | | | | | | **TPT** |
| **Enige twee tale waarvan Afrikaans of Engels een behoort te wees** | | | | **Wiskunde** | | | | |
| NSS/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | NSS/IEB | HIGCSE | AS-Level | A-Level | |

| | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 5 | 3 | C | C | 4 | 3 | D | D | 32 |

## Addisionele vereistes

Departementele keuring vind plaas.

Praktiserende spraak-taalterapeute moet oor goeie spraakproduksie en taalgebruik beskik om as modelle te dien vir individue met kommunikasie- en gehoorafwykings. Hulle moet ook oor goeie gehoor, visie, en motoriese vermoë beskik ten einde individue met ’n verskeidenheid van kommunikasieafwykings te assesseer en behandel.

## Ander programspesifieke inligting

Studente wat in terme van hul akademiese geletterdheid as risikogevalle geïdentifiseer is, is verplig om VAG 110 te neem.
Studente kies tussen met SEP 110, STW 110 of ZUL 110 in die tweede studiejaar.

**Let wel**:

- Oorskakeling van een program na die ander aan die einde van die eerste studiejaar, sal onderworpe wees aan beskikbare plek in die tweede studiejaar en aan ’n keuringsproses.
- Ten einde ’n module te slaag, moet ’n subminimum van 40% behaal word in elke subafdeling van die volgende modules: Menslike kommunikasie (KMP), Oudiologie (ODL) en Spraak-Taalpatologie (SPP).

## Slaag met lof

Ten einde die graad met lof te verwerf, moet ’n student:

- ’n finale punt van 70% of hoër vir elk van die modules in die finale jaar behaal;
- ’n gemiddelde van 75% of hoër vir die Spraak-taalpatologie-modules op vierdejaarsvlak behaal; asook
- ’n finale punt van 75% of hoër vir een van die teoretiese modules, SPP 410 of SPP 420 behaal.

# Kurrikulum: Jaar 1

**Minimum krediete: 113**

## Fundamentele modules

### Akademiese inligtingbestuur 101 (AIM 101)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 6.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie<br>Fakulteit Opvoedkunde<br>Fakulteit Ekonomiese en Bestuurswetenskappe<br>Fakulteit Geesteswetenskappe<br>Fakulteit Regsgeleerdheid<br>Fakulteit Gesondheidswetenskappe<br>Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe<br>Fakulteit Teologie en Religie<br>Fakulteit Veeartsenykunde |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Departement** | Inligtingkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Verkry, evalueer, verwerk, bestuur en bied inligtingsbronne vir akademiese doeleindes aan deur gebruik te maak van toepaslike tegnologie. Pas effektiewe soekstrategieë toe in verskillende tegnologiese omgewings. Demonstreer die etiese en regverdige gebruik van inligtingsbronne. Integreer 21ste-eeuse kommunikasie met die bestuur van akademiese inligting.

### Akademiese geletterdheid 110 (ALL 110)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 6.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Gesondheidswetenskappe<br>Fakulteit Teologie en Religie |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Eenheid vir Akademiese Geletterdheid |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.

This module intends to equip students to cope more confidently and competently with the reading and understanding of a variety of texts, to apply these skills in a variety of contexts and to follow the conventions of academic writing.

### Akademiese oriëntasie 101 (UPO 101)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 0.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Geesteswetenskappe Dekaanskantoor |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

## Kernmodules

### Anatomie 111 (ANA 111)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 5.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Geesteswetenskappe |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 1 praktiese sessies per week, 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Anatomie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Anatomie vir kommunikasiepatologie Hierdie module handel oor die teorie en praktiese ervaring van die struktuur van die organe betrokke by spraakproduksie en gehoor uitgesluit neuro-anatomie. Anatomiese terminologie en elementêre weefselleer; makroskopiese anatomie van strukture betrokke by spraakproduksie en gehoor: larinks, skelet en spiere betrokke by asemhaling; vissera van die respiratoriese stelsel, bene en paranasale sinusse van die skedel, opsomming van kraniaalsenuwees, bou van die vissera van die klankgang, struktuur van die oor; embriologie van die gesig, verhemelte, tong, larinks en oor.

### Fisiologie 110 (FSG 110)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 6.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Geesteswetenskappe<br>Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |

| | |
|---|---|
| **Departement** | Fisiologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.*
Introduction (terminology and anatomical orientation); chemical principles; cytology and histology; neurophysiology and the senses; haematology and body fluids; cardiovascular system.

## Fisiologie 120 (FSG 120)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 6.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Geesteswetenskappe<br>Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe |
| **Voorvereistes** | FSG 110 |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Fisiologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.*
Respiratory system; nutrition; digestion and metabolism; kidneys and acid-base equilibrium; endocrinology; reproduction physiology and reproduction; skin and body temperatures.

## Geïntegreerde gesondheidsorgleierskap 120 (IHL 120)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 8.00 |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Verpleegkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

*Hierdie module word slegs in Engels aangebied.

Leadership and multidisciplinary team work. Healthcare systems and legislation. Determinants of health. Introduction to healthcare models (e.g. community-based care, family-centred care, etc.). Professionalism, Ethical principles. Management of diversity. NB: Only for School of Healthcare Sciences and Department of Speech-Language Pathology and Audiology students.

## Mediese terminologie 180 (MTL 180)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 12.00 |

| | |
|---|---|
| **Diensmodules** | Fakulteit Gesondheidswetenskappe<br>Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe<br>Fakulteit Veeartsenykunde |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Moderne Europese Tale |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 en Semester 2 |

**Module-inhoud**

Die aanleer van ‘n basiese, medies-georiënteerde woordeskat saamgestel uit Latynse en Griekse stamvorme verbind met voor- en agtervoegsels afkomstig uit hierdie tale. Die wyse waarop die betekenisse van mediese terme bepaal word deur die ontleding van mediese terme in hul herkenbare betekenisdraende, samestellende dele word onderrig en ingeoefen. Die funksionele gebruik van mediese terme in konteks as praktiese uitkoms van terminologiese toepassing geniet deurlopend aandag.

## Oudiologie 110 (ODL 110)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 5.00 |
| **Voorvereistes** | Toelating tot relevante program |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Spraak-Taalpatologie en Oudiologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

*Geslote – vereis departementele keuring
Reseptiewe prosesse in kommunikasie. Inleiding tot oudiologiese evaluering. Die basiese oudiometriese toetsbattery: eerste onderhoud en gevalsgeskiedenis; die otoskopiese ondersoek; stemvurktoetse; suiwertoonoudiometrie (luggeleidingstoetsing, beengeleidingstoetsing, maskering en die oudiometriese Weber); spraak-oudiometriese toetsing (drempel- en bo-drempeltoetse); immittansietoetsing (sifting) en ’n oorsig van oudiometriese toetsprosedures. Beginsels van oudiologiese sifting.

## Oudiologie 120 (ODL 120)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 7.00 |
| **Voorvereistes** | Toelating tot relevante program |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Spraak-Taalpatologie en Oudiologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

*Geslote – vereis departementele keuring

Toepassing van die basiese toetsbattery en tipes gehoorverlies. Inleiding tot versterking (teorie en praktiese toepassing) en ourale rehabilitasie. Die populasie van persone met gehoorverlies in Suid-Afrika asook die rol van die oudioloog in ourale rehabilitasie.

## Sielkunde 110 (SLK 110)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 12.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie<br>Fakulteit Opvoedkunde<br>Fakulteit Gesondheidswetenskappe<br>Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week, 2 besprekingsklasse per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Departement** | Sielkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

'n Algemene oriëntering tot die sielkunde. Inleiding tot verskillende teoretiese benaderings in en die ontwikkeling van die sielkunde as wetenskap word behandel. Geselekteerde temas uit die alledaagse lewe word bespreek en met sielkundige beginsels geïntegreer. Hierdie module fokus ook op sentrale persoonlikheidsteorieë. 'n Inleiding tot verskillende paradigmatiese benaderings in die sielkunde word gegee.

## Sielkunde 120 (SLK 120)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 12.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie<br>Fakulteit Opvoedkunde<br>Fakulteit Gesondheidswetenskappe<br>Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week, 2 besprekingsklasse per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Departement** | Sielkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

Hierdie module is ‘n inleiding ten opsigte van ‘n basiese kennis en begrip van die biologiese basis van menslike gedrag. Die module behels die kernkonsepte en terminologie wat met die biologiese subsisteem verband hou, die reëls en beginsels onderliggend aan biologiese sielkunde en die identifisering van verwantskappe tussen verskillende biologiese sisteme en subsisteme. Verskillende kognitiewe prosesse word bestudeer insluitend persepsie, geheue, denke, intelligensie en kreatiwiteit. Verskeie denkprosesse, soos probleemoplossende, krities-analitiese en integrerende denke word geillustreer.

## Spraak-taalpatologie 110 (SPP 110)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 5.00 |
| **Voorvereistes** | Toelating tot relevante program |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Spraak-Taalpatologie en Oudiologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

*Geslote – vereis departementele keuring
Beginsels van tipiese ontwikkeling. Beskrywing van prenatale ontwikkeling van die oro-fasiale strukture en teratogeniese invloede. Kognitiewe en sosio-emosionele ontwikkeling, hegting, sorgpatrone en die relevansie daarvan vir kommunikasieontwikkeling. Tipiese kommunikasieontwikkeling: Spraak- en taalontwikkeling; kommunikasievariasie.

## Spraak-taalpatologie 120 (SPP 120)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 7.00 |
| **Voorvereistes** | Toelating tot relevante program |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Spraak-Taalpatologie en Oudiologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

*Geslote – vereis departementele keuring
Inleiding tot kommunikasieafwykings. Teoretiese beginsels van assessering en intervensie in kommunikasieafwykings, basiese assesseringsprotokol; prosedures en tegnieke. Inleiding tot etiese beginsels en standaarde. Teoretiese basis van voorkoming en primêre gesondheidsorg; voorkomingsprogramme vir spraak-, taal- en gehoorafwykings met spesifieke klem op identifikasie in primêre gesondheidsorg.

## Spraakwetenskap 110 (SWL 110)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 6.00 |
| **Voorvereistes** | Toegang tot relevante program. |

| | |
|---|---|
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Spraak-Taalpatologie en Oudiologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

*Geslote - vereis departementele keuring

Inleiding tot linguistiek. Spraak, taal en kommunikasie. Toepassing van pragmatiese teorieë in die studie van taal. Semantiek, sintaksis, morfologie, fonologie. Normale reseptiewe en ekspressiewe prosesse.

## Spraakwetenskap 120 (SWL 120)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 6.00 |
| **Voorvereistes** | Toegang tot relevante program. |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Spraak-Taalpatologie en Oudiologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

*Geslote - vereis departementele keuring.

Inleiding tot akoestiese fonetiek. Inleiding tot klankfisika. Resonansie en spraak, spraakakoestiek, spraakklankspektrografie
(eksperimentele fonetiek).

## Spraakwetenskap: prakties 181 (SWL 181)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 5.00 |
| **Voorvereistes** | Toelating tot relevante program |
| **Kontaktyd** | 28 praktiese sessies |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Spraak-Taalpatologie en Oudiologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

*Geslote – vereis departementele keuring
Inleiding tot artikulatoriese fonetiek. Die spraakkommunikasieproses – produksiefase. Die spraakorgane: posisie en funksie. Verskillende lugstroommeganismes, konsonanttabel, artikulatoriese en perseptuele eienskappe van konsonante, insluitende fonetiese simbole en diakritiese tekens.

# Kurrikulum: Jaar 2

**Minimum krediete: 129**

## Kernmodules

### Geïntegreerde gesondheidsorgleierskap 210 (IHL 210)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 8.00 |
| **Voorvereistes** | IHL 111/2/3/4, IHL 120 |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Verpleegkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

*Hierdie module word slegs in Engels aangebied.

Principles of project management. Communication principles. Leadership.  Health promotion and education, advocacy and literacy. Counselling for health behaviour change. NB: Only for School of Healthcare Sciences and Speech- Language Pathology and Audiology students.

### Menslike kommunikasie 210 (KMP 210)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 5.00 |
| **Voorvereistes** | ODL 110, ODL120, SPP 110, SPP 120 |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Spraak-Taalpatologie en Oudiologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

*Geslote vereis departementele keuring

Intervensie vir kinders met gehoorverlies: die gedeelde rol van die spraak-taalterapeut en oudioloog; neurologiese grondslag van luister en praat; taal en spraak van die kind met ’n gehoorverlies; ouditiewe opleiding; ouerleiding; intervensie vir ouditiewe neuropatiespektrumafwyking. Inter- en transdissiplinêre betrokkenheid by kliënte met gehoor- en kommunikasieafwykings deur diensplanne vir individue en gesinne saam te stel.

### Menslike kommunikasie 220 (KMP 220)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 5.00 |
| **Voorvereistes** | ODL 110, ODL 120, SPP 110, SPP 120 |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |

| | |
|---|---|
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Spraak-Taalpatologie en Oudiologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

*Geslote – vereis departementele keuring.
Vroeë kommunikasie-intervensie: Beginsels en benaderings, omskrywing van risikopopulasies, sifting,assessering en intervensie van babas en kleuters met ’n risiko vir ’n kommunikasieagterstand, sorggeweropleiding. Ouditiewe prosesseringsafwykings: Organiese en nieorganiese oorsake. Die sentrale ouditiewe senuweestelsel. Die verskillende benaderings tot ouditiewe prosessering en ouditiewe prosesseringsafwykings. Omskrywing van ouditiewe prosesseringsafwykings en profiele. Siftingsprosedures, assessering en intervensie. ’n Transdissiplinêre benadering tot ouditiewe prosesseringsafwykings.

## Neuro-anatomie vir kommunikasiepatologie 211 (NAN 211)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 7.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 1 lesing per week, 1 praktiese sessies per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Anatomie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Hierdie module handel oor die teorie en praktiese ervaring van die struktuur van die sentrale senuweestelsel, verloop en verspreiding van die kraniaalsenuwees en embriologie van die sentrale senuweestelsel.
Indeling: embriologie van die sentrale senuweestelsel; histologie van die senuweestelsel; makroskopiese anatomie: rugmurg, breinstam, serebrale hemisfere, ventrikels, meninges en sirkulasie van serebrospinale vog, bloedsirkulasie, kraniaalsenuwees, outonome senuweestelsel en bane van die SSS.

## Neuro-fisiologie 221 (NFG 221)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 7.00 |
| **Voorvereistes** | FSG 110 en FSG 120 |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Fisiologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

*Hierdie inligting is slegs in Engels beskikbaar.*
Neuronal physiology, central nervous system, peripheral nervous system, including the afferent and efferent divisions.

## Sepedi vir beginners 110 (SEP 110)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 12.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Opvoedkunde<br>Fakulteit Gesondheidswetenskappe |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week, 1 besprekingsklas per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Afrikatale |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 en Semester 2 |

**Module-inhoud**

*Hierdie module is slegs vir absolute beginners. *Slegs studente in die Skool vir Gesondheidsorgwetenskappe mag hierdie module gedurende semester 2 neem. Alle ander studente moet hierdie module tydens semester 1 neem. Studente in die Skool vir Gesondheidsorgwetenskappe wat reeds oor die taalvaardighede beskik wat in hierdie module onderrig word, mag 'n vrystellingseksamen aflê. Basiese kommunikatiewe vaardighede in Sepedi waarin alledaagse uitdrukkings en gepaste woordeskat met hoë gebruiksfrekwensie figureer, binne bepaalde sosiale situasies

## Sielkunde 210 (SLK 210)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie<br>Fakulteit Gesondheidswetenskappe<br>Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe |
| **Voorvereistes** | SLK 110, SLK 120(GS) |
| **Kontaktyd** | 2 besprekingsklasse per week, 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Departement** | Sielkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

In hierdie module word menslike ontwikkeling vanaf konsepsie tot adolessensie, asook volwassenheid aan die hand van verskillende teoretiese modelle bespreek. Dit sluit in ontwikkelingsveranderinge ten opsigte van kognitiewe, fisieke, emosionele en sosiale funksionering en die konteks van werk. Tradisionele en kontemporêre teorieë oor menslike ontwikkeling in hierdie fases word bestudeer ten einde die kernvraagstukke wat tydens die kinderjare en volwassenheid relevant is, te verstaan en verklaar.

## Sielkunde 220 (SLK 220)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie<br>Fakulteit Gesondheidswetenskappe<br>Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe |

| | |
|---|---|
| **Voorvereistes** | SLK 110, SLK 120(GS) en RES 210 word aanbeveel |
| **Kontaktyd** | 2 besprekingsklasse per week, 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Departement** | Sielkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

In hierdie module word interpersoonlike en groepprosesse vanuit 'n sosiaal-sielkundige perspektief bestudeer. Temas wat behandel word, sluit in kommunikasie, prososiale gedrag, sosiale beïnvloeding en oorreding, politieke transformasie, groepgedrag en geweld.

## Spraak-taalpatologie 210 (SPP 210)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 10.00 |
| **Voorvereistes** | SPP 110, 120 |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Spraak-Taalpatologie en Oudiologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

*Geslote – vereis departementele keuring
Beskrywing van spraakklankafwykings en kraniofasiale afwykings. Aard en oorsaaklike faktore van die afwykings. Kenmerke van kliënte met hierdie afwykings. Benaderings tot assessering en intervensie. Inleiding tot oro-fasiale, miofunksionele afwykings.

## Spraak-taalpatologie 220 (SPP 220)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 10.00 |
| **Voorvereistes** | SPP 110, 120, 181 |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Spraak-Taalpatologie en Oudiologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

*Geslote – vereis departementele keuring
Beskrywing van kindertaalafwykings en taalleerafwykings, asook outismespektrumafwyking. Aard en oorsaaklike faktore van die afwykings. Kenmerke van kliënte met die afwykings. Benaderings tot assessering en intervensie. Beskrywing van leerders in addisionele taalleeromgewings.

## Spraak-taalpatologie: praktikum 281 (SPP 281)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 5.00 |

| | |
|---|---|
| **Voorvereistes** | SPP 110, 120 |
| **Kontaktyd** | 50 Kliniese oefensessies, 28 seminare |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Spraak-Taalpatologie en Oudiologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

*Geslote – vereis departementele keuring
Assessering van en intervensie met kliënte van alle ouderdomme met spraakklankafwykings en kraniofasiale afwykings in onderrig-, werk- en sosiale konteks. Berading van hierdie kliënte en hulle lewensmaats. Deelname aan spanwerk. Begrip van die beginsels van assessering, intervensie, professionele etiek, bewysgebaseerde praktyk en kliniese verslagskrywing deur seminare.

## Setswana vir beginners 110 (STW 110)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 12.00 |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week, 1 besprekingsklas per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Afrikatale |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

*Hierdie module is slegs vir absolute beginners.

Die verwerwing van basiese kommunikatiewe vaardighede in Setswana waarin alledaagse uitdrukkings en gepaste woordeskat met hoë gebruiksfrekwensie figureer, binne bepaalde sosiale situasies.

## Spraakwetenskap 210 (SWL 210)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 10.00 |
| **Voorvereistes** | SWL 110,120 |
| **Kontaktyd** | 4 Kliniese oefensessies, 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Spraak-Taalpatologie en Oudiologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

*Geslote – vereis departementele keuring
Perseptuele analise van spraak- en stemafwykings. Teoretiese aspekte van wetenskaplike data-insameling en opnames van spraak- en stemmonsters. Perseptuele analise van vlotheidsversteurings, stemafwykings,ontwikkelingsfonologiese afwykings en artikulasie-afwykings, gesplete verhemeltespraak, apraksie en disartrie, spraak van persone met gehoorgestremdheid.

## Spraakwetenskap 220 (SWL 220)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 10.00 |
| **Voorvereistes** | SWL 110,120 |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Spraak-Taalpatologie en Oudiologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

*Geslote – vereis departementele keuring
Suid-Afrikaanse gebaretaal binne die raamwerk van internasionale gebaresisteme. Die beginsels van gebaretaal – leksikon en grammatika. Die rol en benutting van gebaretaaltolke. Aanvullende en alternatiewe kommunikasie. Vraagstukke en beginsels van aanvullende en alternatiewe kommunikasie-intervensie; multikomponentsisteme, vereistes, en ondersteuningsisteme. Die toepassing van verskillende sisteme, veral die gebruik van tegnologie in kommunikasie in die daaglikse lewe.

## isiZulu vir beginners 110 (ZUL 110)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 12.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Opvoedkunde<br>Fakulteit Gesondheidswetenskappe |
| **Voorvereistes** | Geen voorvereistes. |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week, 1 besprekingsklas per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Afrikatale |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 en Semester 2 |

**Module-inhoud**

*Hierdie module is slegs vir absolute beginners *Slegs studente in die Skool vir Gesondheidsorgwetenskappe mag hierdie module gedurende semester 2 neem. Alle ander studente moet hierdie module gedurende semester 1 neem. Studente in die Skool vir Gesondheidsorgwetenskappe wat reeds oor die taalvaardighede beskik wat in hierdie module onderrig word, mag 'n vrystellingseksamen aflê. Basiese kommunikatiewe vaardighede in isiZulu waarin alledaagse uitdrukkings en gepaste woordeskat met hoë gebruiksfrekwensie figureer, binne bepaalde sosiale situasies.

# Kurrikulum: Jaar 3

**Minimum krediete: 143**

## Kernmodules

### Geïntegreerde gesondheidsorgleierskap 310 (IHL 310)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 8.00 |
| **Voorvereistes** | IHL 111/2/3/4, IHL 120, IHL 210, IHL 211/2/3/4 |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Verpleegkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

*Hierdie module word slegs in Engels aangebied.

Community needs assessment. Leadership in community development. Planning and implementation of collaborative community-based interventions. Application of principles of monitoring and evaluation. NB: Only for School of Healthcare Sciences and Department of Speech - Language Pathology and Audiology students.

### Menslike kommunikasie 320 (KMP 320)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 10.00 |
| **Voorvereistes** | KMP 210, KMP 220 |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Spraak-Taalpatologie en Oudiologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

*Geslote – vereis departementele keuring
Diensverwante professionele funksies in Oudiologie en Spraak-Taalpatologie: Konsultasie, berading, opleiding en bestuur. Die oudioloog en spraak-taalterapeut as konsultante in ontwikkelende lande; medies-wetlike konsultasie. Konsultasie met en opleiding van ander professionele groepe. Berading van die persoon met 'n kommunikasieafwyking en familie na die verlies van normale kommunikasie of gehoor. Die oudioloog en spraak-taalterapeut as bestuurders: administrasie, finansies, personeel, aankope en begroting. Organisasie van die gesondheidstelsel. Neuro-ontwikkelingsteunsorg en neonatale kommunikasie-intervensie.

### Menslike kommunikasie: Praktikum 381 (KMP 381)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 5.00 |
| **Voorvereistes** | KMP 210, 220 |
| **Kontaktyd** | 20 seminare, 6 praktiese sessies, 70 kliniese oefensessies |

| | |
|---|---|
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Spraak-Taalpatologie en Oudiologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

*Geslote – vereis departementele keuring
Kurrikulumgemeenskapsinteraksie en die toepassing daarvan in Oudiologie en Spraak-taalpatologie. Beplanning, ontwikkeling en uitvoering van gemeeskapsgebaseerde rehabilitasieprogramme; toepassing van professionele funksies met spesifieke verwysing na die bevordering van normale gehoor en kommunikasievaardighede; voorkoming, opleiding en samewerking in gemeenskappe. Ervaringsleer in ’n publieke hospitaal. Neonatale kommunikasie-intervensie in die praktyk.

## Navorsingsmetodologie vir gesondheidsorgwetenskappe 300 (RHC 300)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 30.00 |
| **Voorvereistes** | IHL 110, IHL 121/2/3/4, ELH 121, ELH 122, AIM 111/101 |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week, 2 praktiese sessies per week |
| **Onderrigtaal** | Module word in Engels aangebied |
| **Departement** | Verpleegkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

Navorsingskonsepte; navorsingsproses; navorsingsondersoek; beplanning en ontwikkeling van ’n literatuuroorsig; ontwikkeling van ’n navorsingsidee en navorsingsvraag; navorsings-beginsels in die ontwerp van ’n navorsingsvoorstel; skryf van ’n navorsingsvoorstel.

## Sielkunde 310 (SLK 310)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 30.00 |
| **Diensmodules** | Fakulteit Ingenieurswese, Bou-omgewing en Inligtingtegnologie<br>Fakulteit Natuur- en Landbouwetenskappe |
| **Voorvereistes** | SLK 210(GS), SLK 220(GS) |
| **Kontaktyd** | 2 lesings per week, 2 besprekingsklasse per week |
| **Onderrigtaal** | Aparte klasse vir Engels en Afrikaans |
| **Departement** | Sielkunde |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

Identifikasie van abnormale gedrag in kinders aan die hand van kennis van normale kinderontwikkeling; inleiding tot die studie van verskeie modelle met betrekking tot abnormale gedrag; verstaan en toepassing van basiese konsept in kinderpsigopatologie. Die module verskaf ook 'n inleiding tot psigopatologie en simptomatologie van volwasse abnormale gedrag. Terminologie, definisie van abnormale gedrag, probleme met diagnose, etiketering en mites aangaande abnormale gedrag sal bespreek word. Neurose as 'n spesifieke geestesversteuring word krities bestudeer vanuit 'n multidimensionele perspektief, insluitend intrapsigiese, interpersoonlike and sosiaal-kulturele verduidelikings.

## Spraak-taalpatologie 310 (SPP 310)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 10.00 |
| **Voorvereistes** | SPP 210, 220, 281 |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Spraak-Taalpatologie en Oudiologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

*Geslote – vereis departementele keuring
Beskrywing van neuromotoriese spraakafwykings: Verworwe disartrie, verworwe apraksie van spraak, kinderapraksie van spraak. Beskrywing van disfagie in volwassenes en kinders. Beskrywing van serebrale gestremdheid en stemafwykings. Aard en oorsaaklike faktore van die afwykings. Benaderings tot assessering en intervensie.

## Spraak-taalpatologie 320 (SPP 320)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 10.00 |
| **Voorvereistes** | SPP 210, 220, 281 |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Spraak-Taalpatologie en Oudiologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

*Geslote – vereis departementele keuring
Beskrywing van afasie, traumatiese breinbesering, demensie en vlotheidsafwykings. Oorsig oor die aard en oorsaaklike faktore vir hierdie afwykings en die beskrywing van die eienskappe van kliënte met die afwykings. Benaderings tot assessering en intervensie.

## Spraak-taalpatologie: praktika 381 (SPP 381)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 10.00 |
| **Voorvereistes** | SPP 210, 220, 281 |

| | |
|---|---|
| **Kontaktyd** | 76 praktiese sessies, 14 seminare |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Spraak-Taalpatologie en Oudiologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

*Geslote – vereis departementele keuring
Evaluering van en intervensie met kliënte met kindertaalafwykings in opvoedkundige, werk en sosiale kontekste. Samewerking met en berading van hierdie kliënte en hul betekenisvolle ander. Deelname aan spanwerk. Begrip en toepassing van die beginsels van evaluering, intervensie, professionele etiek, bewysgebaseerde praktyk en kliniese verslagskrywing deur middel van seminare. Begeleide waarneming by ’n stemkliniek.

## Spraak-taalpatologie: Praktika 382 (SPP 382)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 10.00 |
| **Voorvereistes** | SPP 210, 220, 281 |
| **Kontaktyd** | 14 seminare, 64 praktiese sessies |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Spraak-Taalpatologie en Oudiologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

*Geslote – vereis departementele keuring
Evaluering van en intervensie met kliënte van alle ouderdomme met taal-leerafwykings in opvoedkundige, werk en sosiale konteks. Samewerking met en berading van hierdie kliënte en hul betekenisvolle ander. Deelname aan spanwerk. Begrip en toepassing van die beginsels van evaluering, intervensie, professionele etiek, bewysgebaseerde praktyk en kliniese verslagskrywing deur middel van seminare.

# Kurrikulum: Finale jaar

**Minimum krediete: 115**

## Kernmodules

### Menslike kommunikasie 481 (KMP 481)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 30.00 |
| **Voorvereistes** | SPP 310, 320 of ODL 310, 320 |
| **Kontaktyd** | 14 lesings, 14 besprekingsklasse per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Spraak-Taalpatologie en Oudiologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

*Geslote – vereis departementele keuring
Om 'n navorsingsverslag saam te stel gebasseer op 'n kritese ondersoek oor 'n professioneel-spesifieke onderwerp

### Vroeë intervensie: Praktikum 482 (KMP 482)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 15.00 |
| **Voorvereistes** | KMP 320, 381 |
| **Kontaktyd** | 23 praktiese sessies, 23 kliniese oefensessies, 21 seminare |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Spraak-Taalpatologie en Oudiologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

*Geslote – vereis departementele keuring
Vroeë kommunikasie-intervensie: kliniese toepassing van assessering- en intervensiebeginsels vir babas en jong kinders met 'n risiko vir kommunikasieafwykings. Familiegesentreerde benadering en spanwerk. Die rol en funksies van spraak-taalterapeute en oudioloë in kangaroemoedersorg. Gesplete gesigsdeformiteite- kliniek prakties.

### Spraak-taalpatologie 410 (SPP 410)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Voorvereistes** | SPP 310, 320, 381, 382 |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Spraak-Taalpatologie en Oudiologie |

| | |
|---|---|
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 1 |

**Module-inhoud**

*Geslote – vereis departementele keuring
Gevorderde teorie, resente navorsing, tendense en vraagstukke in vroeë kommunikasie-intervensie, kraniofasiale afwykings, disfagie en serebrale gestremdheid, en vlotheidsafwykings. Eise van beroepsbeoefening in die plaaslike konteks. Evaluasie en intervensie van individue met gehoorverlies en kogleêre inplantings.

## Spraak-taalpatologie 420 (SPP 420)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 20.00 |
| **Voorvereistes** | SPP 310, 320, 381, 382 |
| **Kontaktyd** | 3 lesings per week |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Spraak-Taalpatologie en Oudiologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Semester 2 |

**Module-inhoud**

*Geslote – vereis departementele keuring
Gevorderde teorie, resente navorsing, tendense en vraagstukke in disleksie, outismespektrumafwykings, neuromotoriese spraakafwykings en neurogene taalafwykings. Stemafwykings en spraakklankafwykings.

## Spraak-taalpatologie: praktika 481 (SPP 481)

| | |
|---|---|
| **Modulekrediete** | 30.00 |
| **Voorvereistes** | SPP 310, 320, 381, 382 |
| **Kontaktyd** | 28 seminare, 212 Kliniese oefensessies, 12 praktiese sessies |
| **Onderrigtaal** | Afrikaans en Engels word in een klas gebruik |
| **Departement** | Spraak-Taalpatologie en Oudiologie |
| **Aanbiedingstydperk** | Jaar |

**Module-inhoud**

*Geslote – vereis departementele keuring
Assessering van en intervensie met kliënte van alle ouderdomme met ’n verskeidenheid van kommunikasieafwykings en disfagie in gesondheidsorg-, onderrig-, werk- en sosiale konteks. Berading van hierdie kliëte en hulle lewensmaats. Deelname aan spanwerk. Verskaffing van opvoedkundige programme. Bestuur en evaluasie van diensverskaffing. Begrip en toepassing van die beginsels van assessering, intervensie, professionele etiek, bewysgebaseerde praktyk en kliniese verslagskrywing deur seminare.

Die inligting wat hier verskyn, is onderhewig aan verandering en kan na die publikasie van hierdie inligting gewysig word.. Die Algemene Regulasies (G Regulasies) is op alle fakulteite van die Universiteit van Pretoria van toepassing. Dit word vereis dat elke student volkome vertroud met hierdie regulasies sowel as met die inligting vervat in die Algemene Reëls sal wees. Onkunde betrefffende hierdie regulasies en reels sal nie as ‘n verskoning by oortreding daarvan aangebied kan word nie.